
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE FEES VAN WEKE [Pinksterfees]

19 MEI - 21 MEI 2018

Israel het op 14 Mei 1948 `n nasie geword en vier die 70ste jaar op die 14de Mei 1918. Bid vir die vrede van Jerusalem!!

PAASFEES, wat ingesluit het die PASGA, die FEES VAN DIE ONGESUURDE BRODE en DIE FEES VAN DIE EERSTELINGE, bring ons by die wonderlike VREDE VAN GOD, want nou het ons gebuig voor die LAM VAN GOD, Jesus Christus. Ons is weergebore, ons het die ou mens afgelê en ons beklee met die nuwe: ALLES HET NUUT GEWORD, en ons lewe nou in die VREDE van God. Ons is vrygekoop, afgesonderd en toegewyd aan Sy doelstellings. Al hierdie aspekte was gesimboliseer in die feeste en Jesus Christus het ook almal volbring.

Vandag gaan ons dus gesels oor die KRAG fees, nl. die PINKSTERFEES, wat ook die naam dra van die FEES VAN WEKE [Hebreeus: Sjevu'ot]. Laat ons sien wat sê die Bybel: God se opdragte aan Israel oor die onderhouding van die Pinksterfees, 50 dae of 7 weke NA die vorige fees, beginnende op die 6 de dag van die maand SIVAN, die derde maand volgens die Joodse godsdienstige kalender. Dit was die einde van die koringoes.

Lev. 23:15 – 21: Dan moet julle tel van die dag na die Sabbat, van die dag af as julle die beweegoffer gerf bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag na die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die Here bring. Julle moet uit jul woonplek twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuur moet dit gebak word as eerstelinge aan die Here. Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer aan die Here wees saam met die spysoffer en die drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan die Here. En julle moet een bokram as sondeoffer berei. Ook twee jaaroud lammers as drankoffer, en die priester moet hulle saam met die eersteling se brood as beweegoffer voor die aangesig van die Here beweeg saam met die twee lammers; die moet aan die Here heilig wees, ten voordele van die priester.En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n heilige vierdag moet dit vir julle wees; geen beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.

Die belangrikste offer in hierdie tyd was die beweegoffer van brode **[eersteling se brood as beweegoffer voor die aangesig van die Here – vers 20]**

Dit moes gemaak wees van fynmeel met suurdeeg: deeglik gesif om growwigheid uit te skei. Dit was ook 'n dankoffer, want dit het weereens die Hebreërs se afhanklikheid vir hulle daaglikse brood van die Here uitgedruk.

Later, toe die Jode versprei was oor die wêreld, het die Pinksterfees sy primêre belangrikheid as 'n oesfees verloor, want in die diaspora [verstrooiing] was daar vir baie min Jode werklike oeste om oor fees te vier. Die versigtige berekeninge van tyd, het die Jode tradisioneel geglo dat God die Wet aan Moses gegee het op Pinksterdag. In Ex. 19:1 lees ons dat die Jode in die woestyn Sinai opgedaag het in die derde maand [Sivan], moontlik op die 3 de dag. Drie dae later, op die 6 de Sivan, het God op Sinai aan Moses die Wet gegee [vers 11]. Hierdie tyd het dan ook by die Hebreërs bekend gestaan as "Die Seisoen van die gee van die Wet." Ons kan dus sê dat dit die "Geboortedag van Judaïsme" was, want Judaïsme gaan grootliks om die Wet van Moses.

Hoe het Jesus Christus hierdie besondere fees vervul?

Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die fees van ...)

Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug [Joh. 12:23-24].

Hier praat Jesus van Homself as die menslike koringkorrel wat sal sterf vir die sondes van die wêreld. Hy was volkome geregverdig: daar was geen growwigheid [sonde] in Hom nie. Hy was ook fyngemaal vir ons sondes. Omdat Hy egter nooit gesondig het nie kon die dood en die hel Hom nie bind nie [Openb. 1:18]. So was Hy opgewek as die Eersteling uit die dood, soos ons in verlede maand se artikel geleer het.

Dit was presies VYFTIG DAE ná Jesus se opstanding uit die dode dat Hy Sy Heilige Gees op Sy dissipels uitgestort het.

Let op dat Pinksterdag nie sy oorsprong by die Christene gehad het nie, maar dit was 'n Joodse fees, maar tydens hierdie fees het God besluit om Sy Heilige Gees te stuur as bewys dat Sy Seun, Jesus Christus, verheerlik is as Here. Al die Hebreërs sou dan in Jerusalem saamgetrek het om die "fees van die gee van die Wet" te vier.

Kom ons lees wat Lukas vir ons neergeskryf het oor hierdie aangeleentheid .

En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle; So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan. En bekering en vergewing van sondes in Sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte. En Hy het hulle uitgelei tot by Betanië. En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem. En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap. En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank(Luk.24: 44-53).

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee, om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie. Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde (Hand. 1: 4-8).

En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en die het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar; is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? (Hand.2:1-8)

Die uitstorting van die Heilige Gees het plaasgevind op die presiese dag waarop die Jode twee brode voor die Here geoffer het om hulle afhanklikheid van Hom te simboliseer. Op daardie dag het 3000 Jode onder die prediking van Petrus, Jesus Christus aangeneem as hulle Messias/ Verlosser.

Verdere interessante simboliek is hier dat die twee brode verteenwoordigend was van die Jode en die nie-Jode [heidene: Engels: Gentiles]. Ons het alreeds gesê dat toe die WET aan Moses op Sinai gegee is, was dit die GEBOORTE VAN JUDAISME. Maar daarby was ook 'n tragiese voorval. Toe Moses van die berg af kom, vind hy dat die kinders van Israel 'n Goue Kalf gemaak het om hulle God te verteenwoordig en hulle was besig om, om hom uitspattig fees te vier. Daar het 3000 van hulle GESTERF.

Op Pinksterdag, toe God Sy Heilige Gees uitgestort het, was dit die GEBOORTE VAN DIE CHRISTENDOM. Maar hierby was 'n wonderlike voorval: 3000 het die Ewige LEWE ontvang toe hulle Christus aangeneem het! Hierdie 3000 Joodse gelowiges was die eerstelinge van die Kerk van Christus. So het die Ou Testamentiese simbool, die twee eersteling brode, 'n wonderlike werklikheid geword in die Nuwe: 'n Kerk wat bestaan uit Joodse en heidense gelowiges, ALMAL vrygekoop deur die Bloed van die Lam!

Nog 'n interessante aspek hier is dat tot vandag toe die Jode die verhaal van Rut, die Moabitiese lees op Pinksterdag. Hulle doen dit om twee redes. Eerstens vorm die verhaal 'n ideale milieu vir die oestyd wat in die maand Sivan plaasvind: Rut beleef ook die oes, en dis dus baie geskik vir 'n oestydfees. Tweedens vertel dit ook van Rut, 'n heidense vrou, wat die God van Israel leer ken en liefkry het d.m.v. Naomi, die Jodin. Hulle sien uit na die dag wanneer

Jood en heiden saam God sal dien en aanbid d.m.v. die Messias,Verlosser: Christus, van wie Boas 'n tipe is, die vriend en eggenoot van Rut, sy heidense bruid.

Hier het ons 'n teer verhaal van liefde, getrouheid en vriendskap sterker as die dood, 'n

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die fees van .....)
storie wat eintlik onoortreflik is deur ander wêreldse verhale.

Luister na Rut se pragtige woorde:

Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die Here so aan my doen en so daaraan toedoen – net die dood sal skeiding maak tussen my en u [Rut 1:16-17].

Rut die heidense vrou uit Moab, het nie 'n kind van die God van Abraham, Isak en Jakob geword nie, maar 'n voorgeslag van Koning Dawid, en sy magtiger Seun, Jesus die Messias [Matt. 1:1-16].

Hoe kan ons die WAARHEDE van die Pinksterfees in ons eie lewens toepas?

God begeer dat ons Jesus moet KEN, maar nie net as die Gekruisigde Lam van God wat vir ons sondes gesterf het nie, maar ook as die Lewende, Verheerlikte Here wat mense doop met die Heilige Gees.

Die doel van die doping met die Heilige Gees is om KRAG te gee sodat ons ywerige getuies sal wees vir die Here Jesus Christus **[Hand. 1:8]**, en dat ons kan gesag hê oor die duiwel en die werke van die bose **[Luk. 9:1].** Dit was hierdie magtige ontmoeting met God op Pinksterdag wat Petrus verander het in 'n lafaard wat altyd agter toe deure wou skuil, in 'n vurige prediker wat 'n groot skare kon toespreek en Jesus Christus uitroep as Here. Die dissipels het almal begin bedien met krag, vrymoedigheid en die gesag van Jesus Christus. Hulle was gevul met die Heilige Gees vir diens en hulle het die wêreld omgekeer! Selfs Jesus moes gevul word met die Heilige Gees voordat Hy Sy openbare bediening begin het **[Matt. 3:16-17, Luk. 4:14, Luk. 4:18-19]. ... wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan [Joh. 14:12].**

Net soos Jesus en die eerste dissipels MOET ons die ondervinding hê van die doop in die Heilige Gees. Die uiterlike manifestasie daarvan is natuurlik die bid – in – tale; die gebedstaal wat die erfenis is van ELKE gelowige en 'n onontbeerlike deel van sy wapenrusting. [As jy nog enige twyfel of vrae hieroor het, kry gerus ons boekie ONDERVIND DIE HEILIGE GEES en moenie langer tevrede wees met 'n minderwaardige geloofslewe nie!]

God wil vandag nog gewone mense gebruik om Sy Koninkryk met ywer en mag te verkondig, maar dis noodsaaklik dat hulle GEESVERVULD sal wees. Uitvloeisels hiervan is die VRUG VAN DIE GEES **[Gal. 5:22]** en die GAWES VAN DIE GEES **[1. Kor. 12:1-4].**

In **Mark 16:15-18** gee Jesus Christus die volgende opdragte aan Sy dissipels:

Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Dan die volgende in verse **19 en 20: Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het.**

Hierdie was 'n wonderlike aanvang vir die Kerk, maar dit het nie lank geneem vir die mense om die beweging van God te manipuleer nie. Die Christendom is spoedig georganiseer tot 'n godsdienstige sisteem waar menslike leierskap bo die Heilige Gees leierskap van God verkies is. Die geestelike werklikheid van die Pinksterfees was spoedig verlore vir die Kerk en God moes die RESTORASIE [herstel] begin.

Dit het in die 1900's begin: Op Nuwejaarsdag van 1901 te "Bethel Bible College" in Topeka, Kansas, V.S.A. was daar 'n magtige uitstorting van die Heilige Gees. Dit het versprei na California in 1906. Daar, in Asuzastr. nr.12 het 'n Heilige Gees herlewing uitgebreek wat drie jaar geduur het. Mense het van dwarsoor die wêreld gekom na hierdie byeenkomste en het die boodskap van Pinkster met hulle terug geneem na hulle tuisdorpe.

Omdat die mens baie onwillig is om die leiding van die Kerk aan die Heilige Gees te oorhandig, het die kerkleiers van die tradisionele denominasies hierdie herstel van die Pinksterfees met al sy wonderlike manifestasies van die Heilige Gees, skepties en met duidelike afkeur ontvang. Hierdie tradisionele denominasies sluit in die N. G.- en Susterkerke, die Anglikane, Presbiteriane, Metodiste en andere. [Lees ons boekie DIE KERK OPPAD NA VOLMAAKTHEID oor hierdie aspek]

Maar God het gewerk, en kan 'n mens Hom keer!? Baie Pinkstergroepe het weggebreek van die tradisionele denominasies en sterk gefunksioneer in die Heilige Gees. In S.A. is veral 'n man met die naam van John G Lake baie bekend vir sy entoesiastiese leiding op hierdie gebied – hy het in die vroeë jare van die 20 ste eeu in S.A. gewerk.

In die laat 1950's en vroeë 1960's het God weer beweeg in 'n poging om die Fees van Pinkster aan die Kerk te herstel, en hierdie beweging het bekendgestaan as die "charismatiese vernuwing." Hierdie onlangse herlewing van Pinkster het ook die tradisionele denominasies beïnvloed, Protestante sowel as Katolieke. Hierdie beweging het dwarsoor die wêreld versprei en het 'n belangrike mag binne in die Christendom geword. Maar weereens kon die mens sy hande nie hiervan afhou nie, en ons kry nog 'n maal "Kapings van die Heilige Gees" deur organisasies en kerke. Wat vandag die valse leerstelling van KINGDOM-NOW-teologie verkondig, en ander afwykende leringe soos bv. Aanbidding van God die Heilige Gees i.p.v. Vader God in die Naam van Jesus Christus. ·

ISRAEL IN THE END TIME

A very important aspect of our preparation for the Lord's coming, is the stand we take concerning the Nation of Israel (Eretz Israel – the Land of Israel). We need to be pledging our allegiance to the Lord's Holy Land as the Nations of the world come against her on every side, and her enemies surround her. The Bible tells us in prophecy that this attack on His people and their Promised Land will take place in the last days, and it also says that the Lord will severely judge those nations that are guilty of this. We need to be praying much for Israel, "the apple of His eye" at this time, before His return.

Just recently there has been much controversy amongst the nations regarding the dividing up of ISRAEL'S LAND, and Israel's capital city JERUSALEM. However we need to know the truth behind this diabolical plan of Satan's. Jesus said to His disciples in His End Time discourse, **"Take heed that no man deceive you!"(Matt. 24:4)** We must not be deceived when it comes to the "world's opinion" regarding the Land of Israel. It matters not what man says, but WHAT DOES THE LORD SAY? We need to realize that the Lord Himself has determined the boundaries of the Promised Land, because it is HIS LAND and He is entitled to entrust it to whom He chooses! Concerning its boundaries, we read in Genesis that the Lord made a covenant with Abraham, and , you must remember, that the Lord NEVER breaks His covenant. **In the same day the LORD made a covenant with Abram, saying, Unto thy seed have I given this land, from the river of Egypt unto the great river, the river Euphrates (Gen. 15:18).** The nations seem to think that they have the right to dictate to Israel as to what to do with their land, and where to build and not to build, and the Lord warns of this in His Word.

For, behold, in those days, and in that time, when I shall bring again the captivity of Judah and Jerusalem, I will also gather all nations, and will bring them down into the valley of Jehoshaphat, and will plead with them there for My people and *for* My heritage Israel, whom they have scattered among the nations, and parted My land (divided My land) **(Joel 3: 1-2).** He also warns of His judgement upon the nations who have come against Israel , saying that He will deal with them in the same way in which they have dealt with His Nation. **For the day of the LORD *is* near upon all the heathen: as thou hast done, it shall be done unto thee: thy reward shall return upon thine own head (Ob. 1:15).**

It is important to note that "the Gaza strip" as it is now known, is not an isolated piece of territory that can be divided from Israel and given to "the whosoever" at the whim of other nations. This portion of the Land of Israel is described in the Bible on numerous occasions as Judea and Samaria. They are places where Jesus walked and did many of His miracles. Gaza is part of the land which the Lord promised to Abraham in Genesis 15:18, and it has never been rescinded.

Nations are often referred to as "trees" in the Bible, and Jesus referred to the Nation of Israel as the fig tree in **Mark 13:28: Now learn a parable of the fig tree; When her branch is yet tender, and putteth forth leaves, ye know that summer is near:** Jesus wanted His disciples to understand that the Nation of Israel was to play a very important part in discerning the times and seasons in the last days before His coming. This is repeated in **Luke chapter 21: 29-33: And He spake to them a parable; Behold the fig tree, and all the trees; When they now shoot forth, ye see and know of your own selves that summer is now nigh at hand. So likewise ye, when ye see these things come to pass, know ye that the kingdom of God is nigh at hand.Verily I say unto you, This generation shall not pass away, till all be fulfilled. Heaven and earth shall pass away: but My words shall not pass away.**

Jesus, the Jewish Messiah, in the Lord's perfect time,

came to redeem mankind, as we read in **Gal 4:4-5: But when the fullness of the time was come, God sent forth His Son, made of a woman, made under the law, To redeem them that were under the law, that we might receive the adoption of sons.** But the Word tells us that His own people did not recognise Him as the Messiah of God – the Christ. **He came unto His own, and His own received Him not (John 1:11).** Consequently, when the destruction of the Temple took place in 70 AD the Jews were scattered throughout the Diaspora, just as the Lord warned would happen because of their disobedience **And they shall know that I *am* the LORD, when I shall scatter them among the nations, and disperse them in the countries (Ezek. 12:15).** We all know how badly the Jews have been persecuted and how much they have suffered, especially over the last 2000 years. The Holocaust ,during which time six million Jews were exterminated and placed into mass graves, is well documented in history. The Jews were virtually exterminated, and Ezekiel prophesied that these "dead bones" would live again!

Again he said unto me, Prophesy upon these bones, and say unto them, O ye dry bones, hear the word of the LORD. Thus saith the Lord GOD unto these bones; Behold, I will cause breath to enter into you, and ye shall live: And I will lay sinews upon you, and will bring up flesh upon you, and cover you with skin, and put breath in you, and ye shall live; and ye shall know that I *am* the LORD. So I prophesied as I was commanded: and as I prophesied, there was a noise, and behold a shaking, and the bones came together, bone to his bone. And when I beheld, lo, the sinews and the flesh came up upon them, and the skin covered them above: but *there was* no breath in them. Then said he unto me, Prophesy unto the wind, prophesy, son of man, and say to the wind, Thus saith the Lord GOD; Come from the four winds, O breath, and breathe upon these slain, that they may live. So I prophesied as he commanded me, and the breath came into them, and they lived, and stood up upon their feet, an exceeding great army (Ezekiel 37: 4-10).

We have seen this come to pass over the past 62 years. The Lord promised this in **Psalm 102:13-16 Thou shalt arise, *and* have mercy upon Zion: for the time to favour her, yea, the set time, is come. For thy servants take pleasure in her stones, and favour the dust thereof. So the heathen shall fear the name of the LORD, and all the kings of the earth thy glory. WHEN THE LORD SHALL BUILD UP ZION** (Israel)**,HE SHALL APPEAR IN HIS GLORY**

The Lord intended the Jew's dispersion to be for a season, for a specific time period in order to fulfil His purpose for the salvation of ALL, - gentiles included! **For I would not, brethren, that ye should be ignorant of this mystery, lest ye should be wise in your own conceits; that blindness in part is happened to Israel, until the fullness of the Gentiles be come in. And so all Israel shall be saved: as it is written, There shall come out of Sion the Deliverer, and shall turn away ungodliness from Jacob (Rom.11:25-26).**

The Lord however promises to gather again from the four corners of the Earth, those whom He had scattered, and bring them back home to their Promised Land, Israel.

Ezek. 36:24-28: For I will take you from among the heathen, and gather you out of all countries, and will bring you into your own land. Then will I sprinkle clean water upon you, and ye shall be clean: from all your filthiness, and from all your idols, will I cleanse you. A new heart also will I give you, and a new spirit will I put within you: and I will take away the stony heart out of your flesh, and I will give you an heart of flesh. And I will put my spirit within you, and cause you to walk in my statutes, and ye shall keep my judgments, and do *them*. And ye shall dwell in the land that I gave to your fathers; and ye shall be my people, and I will be your God (Ezekiel 36:24-28). And we have seen this promise taking place in the Land of Israel since it became a Nation again on the 14th of May 1948. It was a miracle for a nation, to be born in a day, but that is exactly what happened as was prophesied by Isaiah so many centuries ago. **Who hath heard such a thing?**

who hath seen such things? Shall the earth be made to bring forth in one day? *or* shall a nation be born at once? for as soon as Zion travailed, she brought forth her children (Is.66:8). Israel, the Lord's Promised Land was once again inhabited by the Jews, and the shekel, the Hebrew language (which had ceased to exist for all those years), their flag and army were once again in use. The deserts bloomed again and there was rejoicing as Jews flocked home after having had no homeland for decades. Then in 1967, Jerusalem once again came under Jewish rule, and Jews were able to pray at the Western Wall in the Old City. This wonderful promise of the Lord, this prophecy that is being fulfilled before our very eyes in Israel today, is not only an indication of the Lord's faithfulness, but a wakeup call to "this generation", those of us who know that this is the sign of the Fig tree blossoming and heralding our soon coming King. **Behold, He cometh with clouds; and every eye shall see Him, and they *also* which pierced Him: and all kindreds of the earth shall wail because of Him. Even so, Amen (Rev.1:7).**

We owe a debt of gratitude to the Jews. We must never forget that they have given us the Word of the Lord – the Holy Scriptures. The Patriarchs were Jews, the Apostles were Jews, Jesus our Saviour is a Jew, the Early Church consisted of members who were predominantly Jews. Yet for our sakes they were cast aside so that we could become part of the commonwealth of Israel. We gentiles, who were without hope and without access to the God of Abraham, Isaac and Jacob were accepted in the Beloved. Read **Eph. 2:11-15.** The Word says of the Jews: **For if the casting away of them**(the Jews)***be* the reconciling of the world, what *shall* the receiving *of them be,* but life from the dead? (Rom. 11:15)**

The Lord promised that He would make Abraham a great nation, and that those who blessed him would be blessed. **And I will make of thee a great nation, and I will bless thee, and make thy name great; and thou shalt be a blessing: And I will bless them that bless thee, and curse him that curseth thee: and in thee shall all families of the earth be blessed (Gen. 12: 2-3).** He also said in **Psalm 122:6: Pray for the peace of Jerusalem: they shall prosper that love thee.**

The Jewish people have suffered extreme persecution at the hand of ignorant and satanically inspired men over the centuries and we need to repent of Anti-Semitism which is still rife throughout the world. We need to bless them and see the Lord's blessing on our life. Christians are rediscovering this biblical truth that is profound both in its simplicity and power. Our opportunity is to take the Lord at His word and bless, not curse, His people. Paul taught long ago that ***"though the mercy shown you they also may obtain mercy"* (Rom. 11:31).** Anti-Semitism has one source – Satan - who was motivated by the knowledge that the One who was to be his conqueror, Jesus the Messiah, would come through a people that would be specially prepared by the Lord!

Anti-Semitism has existed because Satan dreaded, not only the birth of the Messiah, but also the return of the MESSIAH! Hence all the attacks on Israel, and particularly on Jerusalem (East side), because that is the place to which Jesus the Messiah will return at His second coming, and Satan knows that his time is short. Today, the Jewish people are looking for their Messiah to come and deliver them. As Christians, we are looking for Jesus to come and bring the culmination of our salvation – the rapture. He is the same Messiah – Jesus Christ. **So ye in like manner, when ye shall see these things come to pass, know that it is nigh, *even* at the doors. Verily I say unto you, that this generation shall not pass, till all these things be done (Mark 13:29-30).** (Read our book Israel or Ishmael). Jesus destroyed the devil's power over death, hell and the grave by His death on the cross, we read this in **Heb 2:14 -15: Forasmuch then as the children are partakers of flesh and blood, He also Himself likewise took part of the same; that through death He might destroy him that had the power of death, that is, the devil; And deliver them who through fear of death were all their lifetime subject to bondage.** And this is confirmed in **Col 2:14-15: Blotting**

out the handwriting of ordinances that was against us, which was contrary to us, and took it out of the way, nailing it to his cross; *And* having spoiled principalities and powers, he made a shew of them openly, triumphing over them in it.

It is the King of the Universe who holds the "final solution" for Satan – his total destruction and the triumph of the Lord over evil. Until then, we have much to do. For His Kingdom!

To be ready, we must be praying for the Jewish people, for Israel and for the peace of Jerusalem, because this is on the very heart of the Lord. ·

"DIE FEESTYE VAN DIE HERE"

- Boek 51 teen R20.00



KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129

Uit Ons Kantoor

Geliefdes in die Here,

Die Here het aan elkeen van ons 'n wonderlike ingeboude barometer gegee om ons in staat te stel om die presiese vlak van ons geloof op enige gegewe tyd te weet. Die barometer word gemeet deur die woorde wat uit ons mond kom! Hy sê vir ons dat ons, deur ons woorde selfs ons hartsbegeerte kan verpand! **(...Want uit die oorvloed van die hart praat die mond (Matt. 12:34).** Die barometer is 'n wonderlike aanwins as ons soek om geestelik volwasse te raak deur "die denke van Christus te hê" volgens **1 Kor. 2:16.** Die weë van die mens is egter so dat meeste van ons dadelik probeer om die negatiewe dinge wat ons sê te regverdig deur die blameer spel te speel. Ons sê dinge soos: "as my omstandighede anders was, as ek net 'n ander vrou/man gehad het sou ek nie so baie gekla het nie! As my finansies beter was sou ek nie woorde van angs en bekommernis gespreek het nie. As ek net beter gevoel het sou ek nie so baie gekerm het nie. As my kinders anders opgetree het, of my werkgewer, of my vriende, of my kollegas by die werk, sou ek nie woorde van selfbejammering, verwerping of oordeel gespreek het nie! Om die waarheid te sê al my gekerm en gekla is die skuld van ander mense en my moeilike omstandighede!" Dan moet ek vra... "Wat het met ons **gebed van geloof** gebeur in hierdie skynbaar moeilike omstandighede?"

Dit is egter hartseer om te sê, dat volgens die Woord van die Here, al die redes in die wêreld wat ons vir ons woorde van ondergang en twyfel gee nie ons vertoon van 'n tekort aan vertroue in die Almagtige Here wat ons dien regverdig nie! Ons het geen verskoning omdat hulle eenvoudig die maat van ons ongeloof binne ons aandui. Sien ons altyd die koppie half leeg i.p.v. half vol? Sal Jesus werklik die geloof waarna Hy soek in ons vind wanneer Hy weer kom? Die Woord sê vir ons in **Spr. 4 : 23 – 24: Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word (Matt. 12:37).** Ons sien in die O.T. dat toe die Israeliete hulle griewe **gespreek** het deur te murmureer God nie beïndruk was nie, maar hulle gestraf het vir hul ongeloof. Hulle ongeloof was duidelik deur hul woorde en dit het hulle innerlike toestand getoon. Die oomblik toe hulle egter berou en 'n hartsverandering gehad het was die Here gou om weereens in al hulle omstandighede in te gryp.

Die Here het ons gewaarsku dat Hy nog een maal alle dinge wat geskud kan word gaan skud en die doel hiervan is dat slegs daardie dinge wat nie geskud kan word nie sal bly! Ons lees dit in **Heb. 12 : 26 – 28: Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog. een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.** Die Here is steeds in beheer! Hy het nog nooit beheer verloor nie! En Sy plan vir die wêreld en vir my en jou is op die spoor. Niks wat nou in die wêreld gebeur is vir Hom 'n verrassing, dus kan ons in Hom rus en Hom volkome vertrou in alle omstandighede. Dit is werklik Goeie Nuus! Die ander goeie nuus is dat te midde van hierdie skudding die Here ons bevry van al daardie dinge wat nie 'n ewige doel in ons lewe dien nie. Wanneer Jesus kom om ons te haal moet ons bevry wees van daardie dinge wat ons aan die verganklike wêreld bind. Die skudding sal ons wys waar ons prioriteite is, waar ons "skat" is. Maar die beste nuus van alles word in die Woorde van Jesus Self gevind in **Luk. 21: 28**. Hy het gesê dat wanneer ons hierdie dinge sien gebeur ons, ons hoof moet oplig en na bo kyk, want Sy koms is naby!

Dus het ons hoegenaamd geen rede tot wanhoop, ongeag van ons omstandighede. Ons moet eintlik juig wanneer ons bewus raak dat die geboortepyne meer gereeld en erger raak, omdat dit Sy Terugkeer Aankondig. Wanneer ons wil uitroep "kom gou Here Jesus", dan moet ons die noodsaaklikheid van die geboortepyne herken wat Sy verskyning vooraf gaan. Mag ons "barometer" die vreugde weerkaats van ons verwagting van 'n Ewigheid in die hemel met ons Here, laat ons opkyk en vorentoe en wanneer ons dit doen; laat ons saam met die Psalmis uitroep, **Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, O HERE, my rots en my verlosser! (Ps. 19:15)**

Ons waardeer werklik julle liefde, gebede en ondersteuning en wil ons diepe dankbaarheid oordra en ons verseker julle van ons liefde en gebede.

Mag die Here julle ryklik seën,

Baie liedegroete.

Meg en die Gebedspan

UIT DIE SKATKIS

NUWE GENADE ELKE DAG

Matt 6:34: Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

"Ek is onrustig oor die groot besigheidsooreenkoms wat ek môre moet sluit." "Ek is bekommerd oor môre se werksonderhoud." "My mediese toets uitslae sal môre kom. Ek is bang dat dit nie goed sal wees nie."

God wil nie hê dat jy jou oor môre moet bekommer nie. Hy wil hê dat jy moet weet dat Hy jou al die hulp sal gee wat jy vir vandag nodig sal hê, en wanneer môre aanbreek, so ook vars hulp van Hom.

Dit is God se beginsel selfs in die Ou Testament. Toe die kinders van Israel in die woestyn was, het God vir hulle, elke oggend, vars manna uit die hemel gegee **(Ex. 16:13–16, 31).** Hulle het hulle nie oor môre bekommer nie, want wanneer môre gekom het, was daar weer vars manna. Hy was elke dag hulle Voorsiener. Vandag is God se manna die genade wat Hy elke dag vir jou gee. As jy bekommerd is oor 'n situasie môre, weet dat daar genoeg genade sal wees vir daardie situasie wanneer dit kom. God wil hê dat jy eenvoudig moet rus in Sy vermoë om te genees, verlos, beskerm en voorsien vir jou vir elke dag.

In die Ou Testament, toe die magte van Moab en Ammon teen Koning Josafat opgetrek het, het God vir die angstige Koning gesê: "Wees nie bevrees of verskrik ..... want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. ..... Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here" (2 Kron.20:15–17).

Toe die volgende dag aanbreek, het koning Josafat gesien hoe God sulke verwarring veroorsaak het in die vyand se kamp, sodat hul mekaar doodgemaak het. In die midde van die geveg waar die vyande mekaar vernietig het, het God se mense net stilgestaan en toegekyk hoe Hy die stryd namens hul oorwin het, net soos Hy belowe het.

My vriend wanneer jy 'n probleem sien wat vir jou lê en wag, moenie bevrees of mismoedig wees nie. Hou jou oog op die Here en sien hoe Sy genade en verlossing jou bevry. God wil hê dat jy 'n sorgvrye lewe moet leef, nie een wat gevul is met bekommernisse oor die dag van môre nie. Wanneer môre kom, sal Sy genade daar vir jou wees as jou hulp en jou beskerming. Hy sal jou guns gee en jou bemagtig!